

Maandelikse gemeentebrief Junie 2019

Lewe is in jou hande

Ek lê in die hospitaal en wag vir die oproep om teater toe te gaan. My seer hande, blyk dit na al die toetse, is toe karpale tunnelsindroom en die tunnel moet verruim word. My oog vang 'n opskrif: "Life is in your hands". So kom inspirasie soms na 'n mens toe op verrassende plekke en maniere. Ons sien nie altyd die konneksies nie en die gedagte vlieg verby, maar nie dié keer nie.

Die pyn en ongemak in my hande laat my voel, laat my weer nadink oor dié een: Lewe is in jou hande. By nadere ondersoek gaan die opskrif oor die belang van skoon hande... om jou hande ordentlik te was. Lewe is in jou hande, want jy kan kieme en infeksies oordra deur jou besmette hande, soos Dr. Ignaz Semmelweis in 1847 ontdek het. Hy staan bekend as die vader van hande-was en het daardeur baie mense se lewens gered. Dan kring die simboliek uit – Pontius Pilates, wat sy hande in onskuld was! Jesus is nie skuldig nie, maar die skare skreeu: Kruisig hom! Hoe dikwels is ek ook deel van 'n skare wat lyding, nood of uitdagings sien, maar my hande was, want dit is nie net my probleem nie. As ons as Weltevreden bely dat ons "Lewe vir die stad", is dit juis 'n geleentheid om ons hande op te steek en lewe deur ons hande te bring.

Was dit nie mooi om te sien nie: Basaar 2019. Met ons hande kon ons pannekoek en roosterkoek bak, vleis braai en kerrie-en-rys opdis, maar veral kon ons saam eet deur ons hande te gebruik. Ons wat as Gereformeerde gelowiges so baie dink en redeneer, kan ook ons geloof deur ons hande op 'n praktiese wyse uitleef. Ons sien dit ook raak by ons projekte soos die Blouhuis, Huis Erasmus en Jan Hofmeyer waar gelowiges... "hand" aan die ploeg slaan en prakties die Here dien.

Maar hoe? In Afrikaans is daar ook 'n pragtige spreekwoord: Sy (haar) hande staan vir niks verkeerd nie. In Weltevreden met sy begaafde lidmate is dit inderdaad waar, maar wat is nou belangrik om te doen? As Moses allerhande of aller-"hande" verskonings aanbied hoekom hy nie die volk uit Egipte kan lei nie, vra die Here vir hom: Wat het jy in jou hand? Die kerie wat hy in sy hand gehad het, word die simbool van die Here se voorsiening en leiding. Watter geleentheid is vir ons voor die "hand" liggend? Nie net op die kerkterrein nie, maar juis waar ons woon, werk, speel en dalk nié wil wees nie. Ons het verskillende uitdagings om ons geloof daar prakties uit te leef en so die Here se genade in ons lewe sigbaar te maak.

Kom ons steek ons hand in eie boesem. Bring my hande lewe in die stad?

Ds Kobus Sandenbergh